

HERKOMS VAN DIE GELOFTEVOLK VERSLAG

Verslag oor die herkoms van die Geloftedolk soos opgedra deur die Volksvergadering van 8 – 10 Oktober 2010 te Nampo-Park, Bothaville, vir voorlegging op die Volksvergadering van 28 – 30 Oktober 2011 te Orania.

I

GENEALOGIESE ONTWIKKELING

Material:

- A. Dr. H.T. Colenbrander (Colenbrander, H.T. 1902) maak 'n studie van die genealogiese samestelling van die Kaapse populasie van Europese afkoms. Hy gebruik die sluiting van huwelike en geboortes tot 1813 as basis. Genealogiese klassifikasie is gedoen ooreenkomstig die land van herkoms van immigrante en ouers van kinders wat aan die Kaap gebore is. Die ondersoek is gedoen op 25 000 inwoners. In die klassifikasie is Vlaminge as Nederlanders, Luxemburgers en Switsers as Duitsers en Wale as Franse ingedeel. Die metode van indeling volgens land van herkoms se akkuraatheid word nadelig beïnvloed deur migrasie oor Europese grense voordat immigrasie na die Kaap plaasgevind het. Dit word byvoorbeeld in die lys van immigrante gevind dat stamouers met dieselfde familienaam uit Duitsland asook Nederland afkomstig mag wees. Die omvang hiervan is egter min. Die Franse se familienaam is ook gekontroleer vanuit Botha, C.G. (1939) se familieopgawe.
- B. Dit word aanvaar dat mans in die Retief-deputasie na Dingaan in Februarie 1838 asook die mans in die Bloedrivierlaer van Desember 1838 'n onsydige genealogiese monsterring kan verteenwoordig van die Voortrekkers wat die kolonie verlaat het. 'n Totaal van 458 persone soos gepubliseer deur E.J.G. Norval (Norval, E.J.G., 2002) is volgens familienaam ingedeel ooreenkomstig Colenbrander (1902) se opgawe van land van herkoms. Vanuit die Oostelike Distrikte het sowat 20% van die blankes getrek en sowat 9% vanuit die hele Kolonie (Muller, C.F.J., 1974).
- C. Dit word aanvaar dat die mans wat tydens die Anglo-Boere Oorlog in die Kolonie as Kaapse Rebelle op kommando was, kan dien as 'n verteenwoordigende genealogiese monster van die Afrikaners wat hulle in 1902 in die kolonie bevind het. Hierdie persone was afkomstig vanuit die hele Kolonie en het sowat 3.8% van die hele wit manlike populasie van die Kolonie beloop terwyl dit vir die Noord-Wes Kaap sowat 25.8% en vir Griekwaland-Wes, 17.1% van die wit manlike populasie beloop het (Shearing, T & D, 2011). Die inligting van 15,433 Kaapse Rebelle soos gepubliseer deur T & D Shearing (2011) is gebruik en familienaam is ingedeel ooreenkomstig Colenbrander (1902) se indeling volgens land van herkoms.

Van hierdie data is daar 846 persone wie se familienaam nie na Colenbrander (1902) se lande van herkoms herlei kan word nie, maar wel van Europese afkoms is. Vele van

hierdie familienaam is moontlik foneties herlei, maar kan nie met sekerheid ingedeel word nie.

RESULTAAT:

Die proporsionele gene-samestelling van die Afrikaner ooreenkomstig land van herkoms word in onderstaande Tabel vir drie stelle data aangegee.

Tabel: Gene-samestelling van die Afrikaner

Land	% Nederlands	% Duits	% Frans	% Engels	% Onbekend
Datastel					
Immigrante en kinders tot 1813	50.40	27.0	17.25	-	5.35
Retief + Bloedrivier 1838	52.84	28.17	17.69	1.1	0.2
Kaapse Rebelle 1902	44.84	31.17	16.08	2.42	5.48

GEVOLGTREKKING:

Te midde van immigrasie en blootstelling aan Engelse invloed en voortdurende kontak met inboorlinge het die gene-samestelling van die nuwe Afrikanervolk konstant gebly oor 'n periode van sowat 100 jaar. In soverre die data getroue weergawes is van die populasies waaruit dit versamel is, kan aanvaar word dat daar in 1902 geen beduidende genetiese verskil was tussen die Afrikaner-populasie van die Boere Republieke en die Afrikaner-populasie in die Kolonie nie. Dit kan afgelei word dat daar onderliggende faktore bestaan wat nog tot ver in die twintigste eeu kan bydrae dat die Afrikaner (of die "Boer" soos die volk veral na die Anglo-Boere Oorlog in die buitewêreld bekend gestaan het) prakties as 'n genetiese geslote populasie sou voortbestaan.

In 'n artikel in die *North American Review* (1900) [soos aangehaal deur Nepgen (1938)] word die Suid-Afrikaanse situasie soos volg aangeteken "The historical and racial factors in South Africa have combined to evolve organic social and political types which are to be found nowhere else in the world."

Die voortdurende misplaasde gelykstelling van die onontwikkelde inheemse mense met Boere-pioniers in 'n Europese beregtigingstelsel, waartoe die Afrika-mens geen kultuur-verbintenis of remediërende aanvoeling gehad het nie, die grypsug van die Britse "Empire" oor die Boer se mak gemaakte pioniersgebiede en die ellende en Boere lewensverlies wat hiermee saamgegaan het, het meegebring dat Boere-families prakties gesproke geneties vir Engelse invloed geslote gebly het. Dit het gegeld vir die gebiede van die ou Boere Republieke sowel as die res van Suid-Afrika.

Daar was 'n verdere faktor wat die Afrikaner as nuwe Boereras, soos Colenbrander (1902) die nuwe volk beskryf, in isolasie gehou het sodat geen rasvermenging met inheemse volke plaasgevind het nie. Die Afrikaner het 'n eie volksiel en eie doelbewuste lewensrigting ontwikkel wat gewortel is in sedelike en sosiale norme wat voortgedra is vanuit die Europese geloofshervorming. Die Calvinisme was in die besonder 'n uitstaande vormende faktor in die wording van die Afrikaner (Nepgen, 1938). Van die invloed van die Calvinisme op die Afrikaner karakter sê Pres. Steyn: "Vandat van Riebeeck aan Tafelbergs voet landde tot Paul Kruger aan Lehmanstrand de adem uitblies, was dit de kracht die grote dingen in Zuid-Afrika gewrocht heeft". (Pres. Steyn; deur N.J. v.d. Merwe soos aangehaal deur Nepgen, 1938)

Die kernaspekte van die Calvinisme wat in die Afrikaner se lewensbeskouing 'n geneties isolerende rol gespeel het was die soewereine albestuur en die genadige uitverkiesing van God.

Die oortuiging van 'n uitverkorene te wees en dus om in 'n besondere verhouding van genade tot God te staan, het die Afrikaner geïnspireer tot heldedade en om 'n eie roeping te hê (Nepgen, 1938). Hierdie versekering dat hy uitverkies is het die volk daarvan weerhou om hom met die inboorlinge gelyk te stel en dus geneties te vermeng, omdat gelykstelling "strydig (is) met die wetten van God ent natuurlike onderscheid van afkomst en geloof" (Dr. Du Toit soos aangehaal deur Nepgen, 1938).

Dit is dan ook teen hierdie geloofsagtergrond wat die Afrikaner Boer ook Gelooftevolk geword het. In ooreenstemming met die opvatting van die Trekkers het al drie Hollandse kerke later rasseskeiding op Bybelse gronde regverdig (Muller, 1974).

Dit is dan ook gepas om die geestelike herkoms van die Afrikaner Boer as Gelooftevolk in oënskou te neem.

GEESTELIKE HERKOMS

Omdat die Gelooftevolk aan die Suidpunt van Afrika as 'n egte spruit van die hervorming in Europa, al hier ontstaan het, is dit nodig om hierdie kernaspek van die reformasie in oënskou te neem. Dit is nodig om die verwysingsraamwerk waarbinne die hernude geloftes wat deur hierdie "nuwe" volk aan JHWH (die HERE) gemaak is, te omlyn. Hierdeur sal nie net die geskiedkundige verbintenis van hierdie volk beklemtoon word nie, maar ook die enorme toekoms verantwoordelikheid aan die lig gebring word.

Vir die doel word geput uit die predestinasieleer soos uiteengesit deur die hervormer, Johannes Calvyn (Ioanne Calvino) soos uiteengesit in die Institusie van die Christelike Godsdienst (Istitutio Christianae Religionis – 1559) (soos in Afrikaans vertaal deur H.W. Simpson en C.C.M. Brink by PU vir CHO). Uit die Afrikaanse vertaling word Inst. 59, hoofstuk 3.21 tot 3.24, bladsye 1157 tot 1239 as verwysingsbron aangewend.

Mense dink dat dit glad nie betaamlik is dat uit die hele mense gemeenskap sommige tot saligheid en ander tot die verderf voorbestem word nie (1157). Ons sal (egter) nooit duidelik oortuig wees, soos ons behoort te wees, dat ons saligheid uit die bron van God se vrye barmhartigheid vloeit, voordat Sy ewige uitverkiesing aan ons bekend geword het nie.

Wanneer die saligheid van die oorblywende deel van die volk aan die vrye uitverkiesing toegeskryf word, getuig Paulus dat dan eers bekend word dat God uit loutere welbehag diegene salig maak wat Hy wil, maar dat Hy geen loon verskuldig kan wees nie (1158). Diegene wat die uitverkiesingsleer teenstaan doen mense net so 'n groot onreg as vir God aan, want niks anders sal voldoende wees om ons na behore te verneder nie, nog sal ons (dan) van harte voel watter verpligting ons teenoor God het (1159).

Dit is noodsaaklik om te onthou dat die Woord van JHWH (die HERE) die enigste pad is waardeur ons geoorloof is om hierdie leer te ondersoek (1160).

In hierdie tye waarin die humanisme hoogty vier en die gevaar bestaan dat daar die spot gedryf sal word met die leer van die uitverkiesing, sê Calvyn: "diegene wat die predestinasieleer met nyd beswaar, belaster God openlik net asof iets ondeurdags Hom ontgaan het wat vir die kerk skadelik is."

Daar is twee grade van uitverkiesing, nl.: in die eerste graad die uitverkiesing van Israel as volk en in die tweede graad die uitverkiesing van die individuele persoon uit die volk (1164 – 1171). Toe die Allerhoogste die volke verdeel het, was die Israeliete Sy deel en die snoer van Sy erfenis (Deut. 32:68). Hierdie afsondering is vir almal om te sien. In die persoon van

Abraham word een volk in besonder verkies en ander volke verwerp. Die rede vir hierdie uitverkiesing kom nie aan die lig nie, behalwe dat Moses leer dat hulle slegs in God se onverdiende liefde bo ander uittroon om daardeur alle stof tot roem van Sy nageslag weg te neem. Hy skryf hulle verlossing daaraan toe dat God hulle vaders lief gehad het en hulle saad na hulle uitverkies het (Deut. 14:37). Vermanend staan geskrywe: “Kyk, die hemel, die aarde, en alles wat daarop is behoort aan JHWH (die HERE) jou God. En slegs in jou vaders het Hy ‘n welgevalle gehad en Hy het hulle liefgehad en Hy het julle, hulle saad, uitverkies (Deut. 10:14). Dawid spoor die volk tot dankbaarheid aan: “Geluksalig is die volk wie se God JHWH (die HERE) is, die volk wat Hy tot ‘n erfenis vir Hom uitverkies het” (Ps. 33c:12). Wanneer die profeet Jesaja sê: “God sal Hom oor Jakob ontferm en Hy sal Israel nog verkies” dui hy immers ook op die toekoms (Jes. 14:21). Hy sê die versameling van die oorgeblewe volk wat Hy skynbaar verwerp het, ‘n teken sal wees van Sy vaste en sekere verkiesing wat skynbaar meteens verdwyn het. Dit is asof die ballingskap ‘n onderbreking van hulle uitverkiesing was. Dit bly nogtans ongeskonde al sou die tekens daarvan nie altyd duidelik na vore kom nie.

Calvyn wys daarop dat met die tweede graad uitverkiesing God uit Israel sommiges uitverkies en ander verwerp. Uit dieselfde geslag van Abraham het God sommiges verwerp en getoon dat Hy die uitverkorenes as die gelowiges in Christus versamel. Ismael het in die eerste graad uitverkiesing gedeel met Isak onder die teken van die besnydenis. Tog was Isak verkies in die tweede graad. So ook het Esau en Jakob die eerste graad uitverkiesing gedeel, maar daar staan geskrywe “was Esau nie Jakob se broer nie? En tog het Ek Jakob liefgehad, maar Esau het Ek gehaat.” (Mal. 1 a2). Hoewel die aanneming immers in Abraham se hande gelaat is, is daar nogtans baie van sy nakomelinge as verrotte ledemate weggesny.

Wanneer God dan Sy saligheid aan elke mens afsonderlik aanbied word dit so beseël dat die sekerheid van die gevolge daarvan nie onseker of twyfelagtig is nie. Die krag en die bestendigheid van die uitverkiesing is geleë daarin dat ons sal opstyg tot die Hoof (Christus) in Wie ons hemelse Vader Sy uitverkorenes versamel en met ‘n onbreekbare band aan Hom verbind. So het die mildadige guns van God wat Hy ander ontsê het, vir die aanneming van Abraham se geslag geblink (1169). Jahshua (Jesus) die Messias se opdrag aan Sy dissipels is om alle nasies, nl., Die hele wêreld, deur prediking tot geloof te roep. Tog is dit duidelik dat die Gees van bekering en geloof nie aan almal gegee sal word nie. Hierdie uitverkiesing se rede word bloot aangegee as die gevolg van die “voorneme van Sy wil en wat Hy in Homself voorgeneem het (Ef. 1:6, 1176).

Die uitverkiesing is dus die moeder van die geloof (1188). Die geloof is dus die gevolg van die uitverkiesing. Hoewel die basuin dus oor die hele wêreld geblaas moet word en die hele mensdom dus geroep word, sal slegs die uitverkorenes tot ware geloof kom. Die Meester self bevestig hierdie volgorde wanneer Hy sê: “Dit is die wil van My Vader dat Ek nie verlore sal laat gaan wat Hy aan My gegee het nie. Want dit is Sy wil dat elkeen wat in die Seun glo, nie verlore sal gaan nie” (Joh. 6:39, 1189). Hierdie skape kom slegs uit die getal van diegene van wie God deur Jesaja, oor die toekoms van Sion, belooft het dat Hy Sy dissipels sal hê en nie sonder onderskeid uit die hele mensdom nie (Jes 8:16 – 18, Jes. 54:13, 1189). Dit is dus duidelik dat hoewel die evangeliewoord oor die algemeen almal aanspreek, diegene van die ware geloof seldsaam is. Jesaja skryf dit daaraan toe dat die arm van God nie aan almal

geopenbaar is nie (Jes. 53:1, 1187). So bevestig Christus dit ook wanneer Hy sê: “Elke boom wat My vader nie geplant het nie, sal uitgeroei word” (Matt. 15b13, 1192).

Net soos in die dae van die hervorming, sal die kreet vandag met die wêreldwye inslag van die humanisme se reg van die mens, opklink en selfs met veragting gevra word: Handel God dan regverdig deur net sekere mense Sy genade waardig te ag? Die antwoord hierop is ondubbelsinnig dat God Sy uitverkorenes begenadig omdat Hy wil. Die Godspraak: “Ek sal genadig wees vir wie Ek genadig sal wees, en My ontferm oor wie Ek My sal ontferm”, sê duidelik dat daar geen ander rede tot ontferming is as dat God Hom wil ontferm nie (Ex 33d19, 1185). Daar is ook geen ander rede waarom soveel volke met hulle nageslag vir die ewige dood bestem was nie, behalwe omdat God dit so goed gevind het (1201). Hoe aanstootlik dit ookal vir die humanis mag wees, is dit duidelik dat daar geen gelykheid voor God bestaan nie (1173). Terselfdertyd moet bygesê word dat die uitverkorenes self geen aandeel het in hulle begenadiging nie, want Hy het ons met ‘n heilige roeping geroep, nie volgens ons werke nie, maar volgens Sy voorneme en die genade wat voor die tye van die eeue deur Christus aan ons gegee is (2 Tim. 1c9, 1175).

Dat Hy dus een uitverkies en die ander verwerp ontstaan nie uit aansien van die persoon nie, maar uit Sy barmhartigheid alleen (1204). Daarom moet die kennis van die uitverkiesing nie ‘n struikelblok wees vir diegene wat dit gehoorsaam en hulle tot hoogmoed stem asof dit hulle eie voortreflikheid is nie, maar hulle moet in Christus roem. Ook word daar gesê dat God diegene wat Hy as Sy kinders aangeneem het nie in hulle self uitverkies het nie, maar in Sy Gesalfde aangesien dit immers Hy is in Wie se liggaam die Vader bestem het om diegene in te lyf wat Hy van ewigheid af Syne wou laat wees om almal wat Hy as Christus se lede erken as Sy kinders te beskou, wat ons ‘n genoegsame en vaste bewys lewer dat ons in die Boek van die Lewe opgeskryf is, as ons in Christus deel het.

Daar is dus in die wêreld ‘n algemene roeping waarmee God almal deur die verkondiging van Sy Woord nooi - ook diegene aan wie Hy die roeping as ‘n reuk van die dood en rede tot swaarder verdoeming voorhou. Dan is daar ‘n tweede besondere roeping waardeur Hy die verkondigde Woord in hulle harte vestig. Tog is daar ook diegene wat Hy slegs tydelik verlig (Luk 8:13). Daarna verlaat Hy hulle vanweë hulle ondankbaarheid en slaan hulle met groter blindheid. Hierdie aspek vind toepassing in mense wat met geloofsbelydenis die kerk binnekom, maar hoegenaamd nie met Christus se heiligmaking bekleë is nie en wat as’t ware kankers is wat God nie vir altyd duld nie. So is weinig van die wat geroep is dus uitverkies (Matt. 20:16; 1223, 1224).

Waar staan die Gelooftevolk aan die Suidpunt van Afrika in die lig van die uitverkiesende genade van JHWH (God) en die roepingsverantwoordelikheid wat hiermee saamgaan? Vir dié doel is dit noodsaaklik dat ons die lewensrigting van toegepaste geloofuitlewering sedert die volk se vormingsjare in oënskou neem.

Die Kaapse volksplanters was die oorbrengrers van ‘n sterk Calvinistiese tradisie. Die lewenswyse en lewensingesteldheid van die Afrikaner Boer was begrond deur die erkenning van die absolute soewereiniteit van God en die belewering van Sy uitverkiesende genade.

Hierdie aspekte was fundamentele begrippe wat die reformasie gevoed het (A. Kuyper, Het Calvinisme).

Die Calvinis is bewus van homself as 'n uitverkorene. Hy is in God's plan opgeneem om in die wêreld 'n bepaalde plek in te neem en 'n bepaalde doel te verwerklik. Sy hele lewe moet gewy wees aan die uitvoering van sy Goddelike roeping. Uit sy vertrouwe dat hy persoonlik uitverkies is en behoort tot 'n groep of nasie wat uitverkies is, is daar die oortuiging dat hy waarde het in God se huishouding. Hoeveel hy te verduur mag hê; hoe moeilik die lewenstaak en die geloofstryd ook al mag wees, hy aanvaar dit alles in die versekering dat hy 'n roeping het (Nepgen, Sosiale gewete van die Afrikaner).

Waar die lewensrigting 'n Calvinistiese ingesteldheid volg, toon dit die neiging tot afsondering. So het die Afrikaner se hele geskiedenis duidelik hierdie neiging getoon. Hy wou hom vrywaar teen besmetting van vreemde beskawing, kultuur en lewensbeskouing (O'Kulis, Doppers).

By die Voortrekkers het dit vasgestaan dat hulle 'n uitverkore volk met 'n besonder roeping is. Hulle het gestreef daarna om die voorskrifte van God se Woord na te kom. Hulle het ook vir hulle self die beloftes wat God aan die Israeliete beloof het, toegeëien (Nepgen, op.cit). Andries Potgieter stel dit duidelik dat hulle God se volk is in 'n brief aan sy krygsraad: "De Heer segen u in alles; de liefhebbende Vader geve u wysheid in alles so dat gy wyselyk het volk des Heeren kunt leiden ... En gy, myn broeder die my opvolgen zult, leid Gods volk in nederigheid ..." (J.F. van Oordt, Paul Kruger).

Die Bybel was die Afrikaner Boere-Trekkers se algehele inligtingsbron en rigsnoer. In regillieuse en etiese aangeleenthede sowel as vir sekulêre kennis was dit die handboek - dus in geloofsake, die politiek, onderwys, regspraak - in een woord die hele lewe (Vallentin, Die Buren und ihre Heimat; Schonken, De oorsprong der Kaapsch - Hollandse Volksoverleveringen). Paul Fredricq skryf in 1875: "De Boeren zijn streng godsdienstig en hou den vast aan die oud-gereformeerde letterlyke verklaring van de Schriften. Zy meenen het uitverkorenvolk te zijn en de beloften van de Bybel zijn, gelooven zy, alleen op hen van toepassing." (Zuid-Afrika). D. MacKenzie sê: "No one who has freely and for years mingled with this people can doubt that they have persuaded themselves by some wonderful mental process that they are God's chosen people, and that the blacks are the wicked and condemned Canaanites ... they are God's chosen people and their enemies are His enemies." (South Africa).

Hierdie "wonderful mental process", waarvan MacKenzie melding maak, is volgens Calvyn se predestinasieleer niks anders as die hemelse Vader se bevestiging van die geloof wat alleenlik die resultaat van die uitverkiesende genade kan wees aangesien slegs uitverkorenes hierdie sekerheid deelagtig word. Die geloof van die Boer was nie slegs lippetaal nie, maar is uitgeleef tot die welbehae van ons hemelse Vader - dit was hulle roeping. Bevestiging van die Afrikaner Boer as 'n uitverkore geslag word gevind daarin dat hierdie uitlewing van hulle Goddelike roeping innerlik gedrewe was aangesien die druk van institusionele kerklike dissipline en pastorale sorg grootliks afwesig was.

Calvyn se uiteensetting van die uitverkiesing behels die uitverkiesing van God se volk, Israel, as eerste fase en as tweede fase die individuele uitverkiesing van die geroepenes vanuit die verstrooiing soos wat hulle tot geloof kom in Jahshua die Messias (Jesus Christus). Die versameling van uitverkorenes as die nuwe volk van God wat Christus as Verlosser bely en God se Woord en Wet as lewensriglyn volg, vervat dan ook 'n inherente genetiese faktor wat deur innerlike geestelike drywing eerbiedig sal word. Die Afrikaner Boer se godsdiensbeleving met sy sosialiserende, beskawende en konserverende invloed op die volk, is tiperend van sodanige geestelike drywing. Tobie Muller skryf: "... dat dit grotendeels die godsdienssin van ons vaders was wat hulle daarvoor bewaar het om hulle ras te meng met die massa heidene waaronder hulle verkeer het. Dit is daaraan te danke dat ons nog 'n blanke beskaafde Christennasie is" (Muller, B.B. Keet). Die karakter van die Afrikaner Boer kan nie begryp word nie tensy daar met sy godsdienssin rekening gehou word. "Als wij de ziel van dit volk wensen te bepalen, zonder voorzijn religie 'n prominente plaats in te ruimen zou het zijn 'n opvoerin van Hemlet zonder de prins erby" (N.J. Brummer - De Afrikaanse Volksziel).

Daar is 'n sedelike krag en 'n sterk waardigheidsbesef wat die Afrikaner Boer se morele standarde onderskraag. Mecklin beweer: "But Calvinism was ... fundamentally aristocratic rather than democratic" (Social Ethics). Spruyt beweer: "De Afrikaanse Boer is 'n geboren aristocrat .." (Afrikaners en Nederlanders).

Olive Schreiner meen dat sekere eienskappe by die Afrikaner Boer alleen verklaar kan word deur sy afkoms in aanmerking te neem. Sy skryf: "One is sometimes astonished at certain qualities found in the South African Boer, till one recalls the fact that 'n strain of uncompromising, self-guiding blood runs in his veins, making him, what often in his lowest and poorest conditions he yet remains - an aristocrat" (Thoughts on South Africa).

Die Afrikaner "het dit in sy houding teenoor die inboorlinge sy plig geag om die genetiese faktor in belang van die voortbestaan van 'n suiwere ras, deeglik in ag te neem" (McDougall, The group mind; Nepge, [op.cit](#)). Teen hierdie agtergrond moet die noodroep tot God en die onderneming van die Volksgemeente by Bloedrivier ontleed word ten einde te bepaal wat die langtermyn implikasie vir die nageslag is. Anders as in die tyd van koning Josia waar die Wet van God herontdek is en die gelofte afgelê is om dit weer voorts as lewensreël en in staatsweë te gehoorsaam, is die aflegging van alle geloftes deur die Afrikaner Boer juis gegrond op hulle kennis van God se verordeninge en die strewe om daarvolgens hulle lewe in te rig.

Dit was afgelê met die voortdurende erkenning van en vertrouwe op die absolute soewereine oppermag van God asook hulle geloof in Sy eindelose liefde en genade vir Sy uitverkorenes soos vergestalt in die soenoffer van Sy Seun Jahshua, die Messias (Jesus Christus).

Die Van Riebeeck gelofte en die Volksraadsbesluit (art.248, 31 Mei 1882) t.o.v. die jaarlikse herdenking van die slag by Amajuba as "een dag van verootmoediging voor den Heer, voor

de groote dingen op dien dag aan het volk gedaan”, is beide dankbaarheidsondernemings. Die onderneming met die aflegging daarvan impliseer dat die nageslag voortaan oor die besluitnemingsvermoë sal beskik (vanuit Staatsweë) sowel as die inherente verantwoordelikheid en begeerte sal hê om dit gestand te doen.

Die Bloedrivier- (en Paardekraal) gelofte moet gesien word as ‘n logiese kulminering van geloofsdanke wat voortgevloei het uit ‘n Godsgerigte lewenswandel as roepingsbewuste uitverkore volk van JHWH (God). Die onderneming om ‘n Huis tot God’s eer te stig is dus ‘n bevestiging van die proses waarmee hulle reeds besig was. Dit was ‘n geordende herbevestiging dat hulle altyd in die nuwe vestiging van die volk JHWH (die HERE) se eer sal soek en Sy Naam sal grootmaak in al hulle weë. ‘n Praktiese bewys hiervan vind ons in ‘n proklamasie gedateer 18 Julie 1846 wat onderteken is deur A.H. Potgieter, C.J. Eloff en T. Van der Walt (waarvan, sover bekend, nie een in die Bloedrivierlaer was nie), nl.: “Aangaande die wetten waarna wy zullen geregeerd moeten worden zal by de aankomste van het Publiek geïnformeerd worden, na de suweriene regel van Gods Woord die de regel van ons leven is waarin wy nimmermeer dwaallen kan het welk wy reeds te lang versuymd heeft” (Gerdener, Boustowwe van die geskiedenis van die N.G. Kerke in Transgariep).

Dat hierdie onderneming by Bloedrivier (en Paardekraal) teenoor God Almagtig betrekking het op die skikking van die ganse lewensbestaan van die volk, vanaf voetsoolvlak tot staatsordening, lei geen twyfel nie. Daarvan getuig ook die sterwende Andries Pretorius se skrywe aan sy krygsraad: “als die Christelike godsdienst onder u begint te kwynen, zal uw staat te gronde gaan, en zal de zegen van uw land en volk afgenomen worden ...” (Van Oordt, op.cit.).

Die voortgesette strewe na die volvoering van die volksgeloftes en die onderhouding daarvan is dus steeds geleë in die gewetensroeping van die nageslag van die Afrikaner Boer, om as Geloftevolke die eer van JHWH (God) in die hele lewenspektrum van ons bestaan na te streef en om voortdurend tot ons Vader te bid om ons in staat te stel om die lewensingesteldheid van ons vaders voort te dra en om die gestanddoening van hulle geloftes daadwerklik na te streef.

Dit dring die Geloftevolke daartoe om as ‘n verpligting soewereine vryheid in ons eie land na te streef, waarin ons volk deur ons eie gelowige volksgenote regeer word met ‘n samelewingsordening en lewensetiek wat geskoei sal word op die Woord van God tot eer van Sy Naam.

Tog sal in gedagte gehou moet word, in die nastrewing en die voorbereiding van ‘n soewereine staat vir die Geloftevolke, dat, soos apostel Paulus konstateer, nie almal uit Israel wel Israeliete (in Christus) is nie.

So was nie almal wat tydens die tyd van die hervorming (in die 1500’s) geprotesteer het teen Rome, wel deel van God se uitverkore volk nie en so sal al die nageslag van die Afrikaner Boer ook nie as Geloftekinders deel van God se volk wees nie. Daarom sal die gelofteweg gevolg moet word deur die voortdurende koersbepaling deur reformasie -

terug na JHWH (God) deur Sy Seun alleen en terug na Sy Woord, Sy volle Woord en slegs Sy Woord.

Mag die vervulling van die profesie vir JHWH (die HERE) se verstrooide gemeente aan die Suidpunt van Afrika, soos in die Skrif opgeteken is in Sefanja 3, die Geloftevolk se heilige roeping wees as hoogste ideaal in die strewe na soewereine vryheid en die glinstering daarna as die Huis van JHWH in die liggaam van Jahshua die Messias(Jesus die Christus).

Want die volk wat Hy vir Hom gereformeer het, hulle sal Sy lof verkondig(n.a.v.Jes.43:21). Kyk, Ek gaan iets nuuts maak; nou sal dit uitspruit; sal julle dit nie merk nie?(Jes.43:19a)

Bronne

1. Botha, C.G. (1939) Die Kaapse Hugenote, Nasionale Pers, Bpk., Kaapstad.
2. Bybel (1933).
3. Calvyn, J. Institusie van die Christelike Godsdienst soos vertaal deur H.W. Simpson en C.C.M. Brink by PU vir CHO.
4. Colenbrander, H.T. (1902) De Afkomst der Boeren, Uitgegeven door het algemeen Nederlansch verband.
5. Muller, C.F.J. (1974) Die oorsprong van die Groot Trek. Uitgegee deur die Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria. Perskor-Boekdrukkery, Johannesburg.
6. Nepgen, C.C. (1938). Die sosiale gewete van die Afrikaanssprekendes. Uitgegee deur Christen-studentevereeniging van Suid-Afrika.
7. Norval, E.J.G. (2002) Bloed, Sweet en Trane. Die verhaal van die Voortrekkers, Biedell Uitgewers, Posbus 3095, Pretoria, 0001.
8. Shearing, Taffy and David (2011) The Rebel Record. South African War 1899 – 1902. Cape Commando Series. Printed by Blitsdruk, George.